# NG KERK REEBOK

## SONDAG, 13 SEPTEMBER 2026

*Hou die aankondigings naby u Bybel - dit is ons gebedsgids*

## VANDAG SE PROGRAM

**MELAATSE (LEPROSE) EN TOERUSTING SONDAG**

| | |
|---|---|
| **07:40** | Die **Samuel-gebedsgroep** bid vir die seën van die Here op die erediens. |
| **EREDIENSTE** | **08:00 Informele Erediens en 10:00 Tradisionele Erediens**<br>Richard van Wyk<br>**Skriflesing:** Efesiers 4:17-5:2<br>**Tema:** Jesus: God se aromaterapie vir 'n moeë wêreld.<br>**Spesiale Deuroffer:** Straatwerk<br>Digitale Uitsending **08:00**<br>https://youtube.com/live/lzgDN-ziHio?feature=share |
| **09:00** | **JUNIOR EN SENIOR KATEGESE** |

- Baie welkom **alle nuwe lidmate**! Meld asseblief na afloop van die erediens aan op die stoep voor die klein kombuisie. Stap by die saal se deur uit en draai links, waar die persone betrokke by die Nuwe Lidmaat-bediening u sal ontvang en verwelkom.
- Alle lidmate word genooi vir lemoensap en 'n lemoen lekker. Daar sal ook koffie/tee en malvalekkers na beide dienste wees.

## VERJAARDAGWENSE

**Baie geluk aan:**

- **Martie Grobler** (R14), wat op die 13de September haar **80ste** verjaardag vier,
- **Wilna Krynauw** (R19), wat op die 14de September haar **85ste** verjaardag vier,
- **Janet Coetzer** (T7), wat op die 15de September haar **82ste** verjaarsdag vier,
- **Mariana du Toit** (Buitewyk), wat op die 15de September haar **87ste** verjaarsdag vier,
- **Mercia Moolman** (K4), wat op die 16de September haar **80ste** verjaarsdag vier,
- **Marie Carr** (R5), wat op die 19de September haar **83ste** verjaarsdag vier.

"U wys my die pad van die lewe: oorvloedige vreugde in u teenwoordigheid, lieflikhede in u regterhand, vir altyd." Ps 16:11 (2020)

## PROGAM VIR DIE WEEK

**MAANDAG, 14 September 2026**
**18:00 Bybelskool**. Levitikus 12-15.

**DINSDAG, 15 September 2026**
Ringsitting te Hartenbos.
**15:00** Geen erediens-werkgroep nie a.g.v. die Ringsitting.

**WOENSDAG, 16 September 2026**
**18:00 Gebedsgeleentheid** in die Gemeentesentrum.

**DONDERDAG, 17 September 2026**
**11:00 tot 12:00: Bloeddruk-kliniek** die moederskamer.
**16:30 Kooroefening**
**17:45 Musiekgroep**

## VOLGENDE SONDAG – 20 SEPTEMBER 2026

| | |
|---|---|
| **07:40** | Die **Samuel-gebedsgroep** bid om die seën van die Here op die erediens. |
| **EREDIENSTE** | **08:00 Informele Erediens en 10:00 Tradisionele Erediens:** Chris de Wet<br>**Skriflesing**: 2 Korinthiërs 2:12-17<br>**Tema:** Ons is 'n aangename geur van Christus!<br>**Spesiale Deuroffer:** Ring-Noodfonds |
| **09:00** | **JUNIOR EN SENIOR KATEGESE** |

## OMGEE VIR MEKAAR... (In blokke ingedeel)

**REEBOK WYKE R1 TOT R5**
- *Ons innige meegevoel met die familie van **Johan Visser** (R3) wat Woensdag, 9 September 2026 oorlede is. Sy gedenkdiens is DV Woensdag, 16 September 2026 om 11:00 in die kerkgebou.*

**REEBOK WYKE R6 TOT 11**
- **Peet Diedericks** (R7), sterk tuis aan na 'n operasie.

**FRAAI-UITSIG WYKE F1 TOT F5**
- **Vlam van Deventer** (F4), sterk aan in die Stepdown Knysna na 'n operasie.
- **Sakkie Griessel** (F5), sterk aan by dogters na Vermorale Omleining.

**FRAAI-UITSIG WYKE F6 TOT F10**

❖ **Annatjie Kleynhans** (F6), sterk tuis aan na hospitalisasie.

**BUITEWYK**

➢ **Dries Swart** (Danabaai Blue Ridge) is oorgeplaas na Nurture Rehabilitasie sentrum.

## ALGEMENE INLIGTING

**NUUS VANUIT DIE KERKRAAD**

Die volgende persone is as wyksleiers in die Gemeente benoem:

F05 Philippus Lodewikus Swart, Waterbessiestraat 18, Reebok.
F06 Leonard Johannes Francois van Tonder, Botliersig 4, Wildernisstraat, Fraai Uitsig.
T10 Marthinus David Lötz, Seeroosstraat 4, Rheebok Village, Tergniet.

Bid dat die Here hulle duidelik sal lei in hul antwoord.

Diensgroep Barmhartigheid

Die Diensgroep bedank elke lidmaat wat gedurende die afgelope Nagmaal nie-bederfbare produkte kerk toe gebring het. Hulle voorsien weer op 15 September haweloses in Mosselbaai se Seewind-projek

Diensgroep Diensverhoudinge

Die Diensgroep gaan weer na die amptenare se werkslading, werksure en dienskontrakte kyk.

Diensgroep Eiendomme en Bouprojek

Die Diensgroep is besig met instandhoudingswerk. Die Bouprojek vorder soos beplan en bouwerk (Kerkkantoor en leraarskantore) en veranderinge aan kombuis en stoor begin 7 September tot 30 November 2026. Die Kerkkantoor sal vanaf 21 September 2026 tydelik na die konsistorie verskuif.

Diensgroep Finansies en Administrasie

Die Kerkraad is dankbaar dat dit goed gaan met ons Gemeente se finansies.
Die opgesomde Inkomste en Uitgawe Staat vir Maart - Julie 2026, asook die stand van fondse op 31 Julie 2026 is as volg:
Die surplus vir die vyf maande beloop **R605 463** (begrote surplus is R117 624). Die jaarlikse kermis/vleistafel se netto inkomste was **R506 482** (begroot R423 000).

Die Kerkraad bedank elke lidmaat wat so getrou hulle bydrae maak. Alle eer aan ons hemelse Vader.

Lidmaat statistiek (30 Julie 2026)
Dooplidmate 177; Belydende lidmate 1 594; Totale lidmate 1 771. Sterfgevalle 15.

Diensgroep Gemeentebediening

Vrouebediening se beplande geleenthede is 12 September: Damestee – Liezl Krauze-Wiid; 23-25 Oktober: Vrouekamp met Melissa Bothma as fasiliteerder.
Dek-'n-plek het in Julie 76 etes uitgedeel.

Diensgroep Getuienis

'n Geseënde Getuienisnaweek was gehou. 59 Huise in Powertown is netjies en kleurvol geverf. Kyk as u verby ry. Dankie sê-uitreike na plaaslike kettingwinkels is 'n nuwe aksie, wat by PnP Fraai Uitsig begin.

Diensgroep Jeug
Hulle Jeugbasaar het R22 798.76 opgelewer. Die seniors het aan die volgende aktiwiteite deelgeneem: Bingo-aand, Sop en brood uitdeel in Groot-Brakrivier en besoek aan Mosselbaai DBV (13 September).
Diensgroep Kleingroepe
‘n Lofprysingsaand is 11 Augustus gehou. Elke Sondag sal lede op stoep by die kombuis beskikbaar wees vir belangstellendes om by groepe in te skakel.

Ander nuus
Die Ring ondersteun Brandwacht-gemeente met ‘n bedrag en versoek dat gemeentes jaarliks ‘n deurkollekte vir hulp sal hou. Ons sal dit op 20 September 2026 hou en die Kerkraad sal die bedrag minder as R10 000 aanvul.
Dr Kobus van Zyl se afskeidsgeleentheid en emeritaat sal op Sondag, 28 Februarie 2027 wees.
Die Kerkraad het ‘n Pre-advieskommisie wat besig is met die proses om ‘n voltydse leraar te beroep na die goedkeuring van die Ringskommissie. Die Gemeente sal op hoogte van die proses gehou word.

---

**Dek ‘n Plek benodig jou hulp!**

Dek ‘n Plek het verlede jaar 400 etes verskaf aan gemeentelede en aan behoeftiges deur die hande van gemeentelede. Die aanduiding is dat die behoefte kan verdubbel in 2026.
**Ons het jou hulp nodig om van tyd tot tyd ‘n ekstra porsie van jou maaltyd voor te berei en kerk toe te bring.**

***So werk dit***

Kry Sondae tussen dienste leë bakkies met ‘n deksel by die vriendelike mense van die bediening buite die hoofingang van die kerk. Vries die ekstra maaltyd wat jy voorberei, bring die gevriesde ete(s) Sondag kerk toe en gee af by die bediening se stasie buite die kerk.

Kom maak ‘n verskil in ons omgewing.

*LERAARS EN AMPTENARE SAKE*
***Richard van Wyk***
*Verlof – 17/09 tot 01/10*
***Martina van den Berg***
*Aftyd vir Oortyd – 18/09, 21/09 & 25/09*

Snap here to pay
SnapScan

**Baie belangrik asseblief**

Die verwysing van alle inbetalings moet asseblief **duidelik** wees, bv. maandbydrae, gewone kollekte, deuroffer, digitale uitsending, barmhartigheid, getuienis, jeug, Soedan of enige ander saak. Nie u naam en van nie.